# LAERSKOOL STEPHANUS ROOS

H/V ANTUNSTRAAT & MIRCALAAN
SINOVILLE
PRETORIA
0182
Tel: 012 567-5121
Faks: 012 543-0828

NPO 020-352
lsroos@lssroos.co.za
www.stephanusroos.co.za

## GR. 4 – 7 INLIGTINGSBRIEF

### 1. KURRIKULUM

Leerders ontvang elke kwartaal 'n assesseringsplan (dit is ook op Edupac) waar elke vak se datums van assesserings en toetse op sal verskyn. Ons vra regtig dat die ouers die leerders sal help deur saam met hulle seker te maak oor die datums. Dit is baie belangrik dat leerders hul take en opdragte betyds moet inhandig. Take moet asb. die nodige erns en aandag geniet, aangesien dit 'n groot verskil aan die leerders se punte kan maak.

In Kwartaal 1 en 2 is daar 'n toetsreeks. Kwartaal 4 is dit eksamen. Kwartaal 3 vind klastoetse en projekte plaas.

Slaagvereistes:

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 50% |
| Engels | 40% |
| Wiskunde | 40% |
| Drie ander vakke | 40% |
| Twee ander vakke | 30% |
| Een vak | < 30% |

Remediërende onderrig vind kwartaalliks plaas vir Afrikaans, Engels en Wiskunde. Dit is slegs vir die grensgevalle en druipelinge. Die betrokke leerders sal uitnodigings ontvang.

As 'n leerder afwesig was tydens 'n assessering sal die leerder nul kry, indien hy/sy nie 'n doktersbrief, begrafnisbrief of 'n goedgekeurde epos vanaf die hoof inhandig nie.

As leerders wel afwesig is, is dit die leerders se eie verantwoordelikheid om al die huiswerk self op te vang, voordat hy/sy terugkeer skool toe.

### 2. KOMMUNIKASIE

Alle belangrike inligting word op die Edupac toepassing (App) gesit. Kyk gereeld daar. Onthou om te registreer vir die Edupac Toepassing.

Remind is die kommunikasiestelsel wat gebruik word om inligting aan ouers deur te gee rakende akademie en ander belangrike inligting in verband met die graad en vak. U kan ook so direk met die onderwyser kommunikeer.

## 3. HUISWERK EN DAGBOEK

Leerders moet asseblief self sorg vir huiswerk afskryf, aangesien geen huiswerk afgerol of op Remind geplaas word nie.

## 4. MEDIKASIE

Ons mag nie enige medikasie vir u kind gee nie, behalwe as u kind allergies is vir ‘n bysteek, stuur dan asb vir ons die medikasie saam skool toe.

## 5. TOEGANG TOT DIE TERREIN

Geen ouers sal op die terrein toegelaat word voor skool of tot en met 13:30. Sien asb u kind by die hek af in die oggende.

## 6. LAATKOM

Indien u kind laat is moet hy/sy eers by die kantoor aanmeld, waar hy/ sy dan ‘n briefie sal ontvang wat hy/ sy klas toe moet bring.

Indien leerders gereeld laat kom sal die ouers gekontak word.

Register word 07:20 geneem, **as u kind laat is en u het nie vooraf gereël nie, word u kind afwesig gemerk.**

## 7. SKOOLGELD

Elke oudste kind in die skool ontvang ‘n skoolgeldkaart en ‘n kontrak. Ouers moet die kontrak volledig voor en agter invul en terug stuur na die voogonderwyser **saam met ‘n geldige bewys van adres.**

Leerders sal eers hul SR-hempie ontvang as die volledig ingevulde kontrak ingegee is asook ‘n geldige bewys van adres.

Dit is belangrik om die **JA/NEE blokkie** op kontrak in te vul en seker te maak dat u dit wel geteken het.

## 8. ANDER GELDE

Alle ander gelde (bv. Uitstappies, foto’s ens.) moet asb by u kind se voogonderwyser in betaal word. Plaas asb die **korrekte** bedrag in ‘n koevert en skryf op die koevert u kind se naam en waarvoor die geld is.

## 9. PROBLEME

Enige probleme moet asseblief eerste met die onderwysers bespreek word, indien die probleem nie opgelos kan word nie, kan u dit met die Graadvoog bespreek wat dit dan sal hanteer saam met ‘n Departementshoof indien dit sou nodig wees.

## 10. VERSLAE

Stuur asb enige terapie of doktersverslae skool toe. Hoe beter ons ingelig is, hoe beter kan ons u kind onderrig en hom/ haar help om hul volle potensiaal te bereik.

## 11. KOPLUISE

Kopluise is ‘n groot kopseer en kan met enige iemand gebeur. Dit bly egter u as ouer se plig om gereeld vir kopluise te kyk en dit ook te behandel. Hou u kind asb by die huis as daar lewendige luise op die kop is.

Leerders wat met kopluise skool toe kom se ouers sal gekontak word en leerders sal huis toe gestuur word.

## 12. VERJAARDAE

Leerders mag op die dag wat hul verjaar gewone klere aantrek. Indien leerder oor ‘n naweek verjaar mag hy/ sy dan Vrydag gewone klere aantrek. Leerders wat in die vakansie verjaar, trek op die laaste dag wat skool sluit gewone klere aan.

## 13. KLASKOMITEE

Elke klas het ‘n komitee. Die voorsitter van die klaskomitee gee belangrike inligting deur aan die res van die klas se ouers. Die komitee help ook by geleenthede soos die kaskar.

## 15. SKRYFBEHOEFTES

### GRAAD 4

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4** | Blou balpuntpenne – dun | **2** | 2B Poltode |
| **4** | Gryspotlode 2H | **2** | Witbordmerkers swart |
| **1** | Skerpmaker | **3** | 50 bls flipfile (Afr, Eng, Wisk) |
| **1** | Uitveër - medium | **1** | 10 bls flipfile (Huiswerk) |
| **1** | Bostik Glue stick 36g | **2** | 30 bls flipfile (NW / PSW) |
| **2** | Inkleurpotlode (Kuns) | **1** | Dik swart viltpen (Artline) |
| **1** | Uitdraaikryte (Kuns) | | |

### GRAAD 5

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2** | 50 bladsy "flip file (Afr/Eng) | **7** | A4 dik plastiek boekoortreksakkies |
| **1** | 10 bladsy "flip file" | **1** | Bostik glue stick 36g |
| **1** | 20 bladsy "flip file | **2** | White Board Makers |
| **2** | Bic Blou penne | **1** | Skerpmaker |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2** | Potlode HB | **1** | Swart Artline filtpen |
| **1** | Lang Kleur potlode (Kuns) | **1** | Uitveër |
| **1** | Witbordjie | **1** | Uitdraaikryte |

## GRAAD 6

| | | | |
|---|---|---|---|
| **6** | Bic Bloupen | **12** | A4 Dik Plastiekoortreksels |
| **1** | Kleurpotlode Lang (Kuns) | **1** | Stel Koki's (Kuns) |
| **1** | Waslappie | **1** | Potlood HB (Kuns) |
| **1** | Kleurpenne | **1** | A5 FM Boekie |
| **4** | Flipfile: 30 sakkies (Afr, Eng) | **2** | Uitveër |
| **2** | Pritt Glue stick 36g | **1** | Swart Fineliner (Kuns) |
| **1** | Permanente Merker | | |

## GRAAD 7

| | |
|---|---|
| **2** | Bostick Glue stick 36g |
| **2** | Bic Bloupen |
| **1** | Kleurpotlode Lang (12) |
| **3** | Flipfile: 50 sakkies (Afr, Wisk., Eng.) |
| **1** | Potlood HB |
| **2** | Uitveër |